

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES - AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE
 EXTRAORDINARY
 OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Maandag, 30 Mei 1960 WINDHOEK Monday, 30th May, 1960 No. 2254

INHOUD.	CONTENTS.	Bladsy/Page
GOEWERMENSKENNISGEWING—	GOVERNMENT NOTICE—	
No. 112. Ordonnansies, 1960: Uitvaardiging van .	Ordinances, 1960: Promulgation of .	413

Goewermentskennisgewing.	Government Notice.
--------------------------	--------------------

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
 Windhoek.

No. 112.] [30 Mei 1960. No. 112.] [30th May, 1960.

ORDONNANSIES, 1960. UITVAARDIGING VAN.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Suidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

No.	Titel
No. 8.	Ongemagtigde Uitgawes (1958—'59) Ordonnansie, 1960
No. 9.	Middele (1960—61) Ordonnansie, 1960
No. 10.	Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1960
No. 11.	Wysigingsordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings, 1960
No. 12.	Wysigingsordonnansie op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheid-oorblyfsels en Antieke Voorwerpe, 1960
No. 13.	Wysigingsordonnansie op die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers, 1960
No. 14.	Munisipale Wysigingsordonnansie, 1960

ORDINANCES, 1960: PROMULGATION OF.

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

Title	Bladsy/Page
Unauthorised Expenditure (1958—'59) Ordinance, 1960	415
Appropriation (1960—61) Ordinance, 1960	415
Dairy Industry Control Amendment Ordinance, 1960	418
Hospitals and Charitable Institutions Amendment Ordinance, 1960	418
Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Ordinance, 1960	418
Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Amendment Ordinance, 1960	419
Municipal Ordinance Amendment Ordinance, 1960	420

No. 10 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1931.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *drie-en-twintig* van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1931 (Ordonnansie 16 van 1931) word hierby gewysig deur die byvoeging van die woorde „of gedroogde melk of gekondenseerde melk” na die woord „kaas” in paragraaf (a) daarvan.
2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1960.

No. 11 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op hospitale en liefdadigheidsinrigtings.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *een-en-dertig* van die Ordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1930 (Ordonnansie 16 van 1930) soos gewysig, word hierby deur die volgende artikel vervang —

„Hoe tekort gedek kan word.

31. As daar in 'n bepaalde jaar 'n tekort voorkom, gelas die Administrateur, by oortuiging dat die raad redelike pogings aangewend het om vrywillige bydraes van die publiek in te samel en gelde van pasiënte in te vorder, en dat die raad met inagneming van die omstandighede van die betrokke wyk en die klas pasiënte aan wie die raad hoofsaaklik onderstand verleen, 'n redelike bedrag uit sodanige inkomstebronne ontvang het, die algehele aanvulling van so 'n tekort uit die Gebiedsinkomstefonds.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1960.

No. 12 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op die Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheid-oorblyfsels en Antieke Voorwerpe 1948.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *nege* van die Ordonnansie op die Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidoorblyfsels

No. 10 of 1960.

ORDINANCE

To amend the Dairy Industry Control Ordinance, 1931.

(Assented to 21st May, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *twenty-three* of the Dairy Industry Control Ordinance, 1931 (Ordinance 16 of 1931) is hereby amended by the addition of the words “or dried milk or condensed milk” after the word “cheese” in paragraph (a) thereof.
2. This Ordinance shall be called the Dairy Industry Control Amendment Ordinance, 1960.

No. 11 of 1960.

ORDINANCE

To amend the law relating to Hospitals and Charitable Institutions.

(Assented to 21st May, 1960.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section *thirty-one* of the Hospitals and Charitable Institutions Ordinance, 1930 (Ordinance 16 of 1930), as amended —

“How deficits may be met.

31. If in any year there is a deficit the Administrator shall, if he is satisfied that the board has reasonably endeavoured to collect voluntary contributions from the public and to recover fees from patients, and having regard to the circumstances of the area concerned and the class of patients mostly furnished with relief by the board, a reasonable amount has been received by the board from such sources of revenue, order the whole payment of such deficit out of the Territory Revenue Fund.”

2. This Ordinance shall be called the Hospitals and Charitable Institutions Amendment Ordinance, 1960.

No. 12 of 1960.

ORDINANCE

To amend the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Ordinance, 1948.

(Assented to 21st May, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section *nine* of the Natural and Historical Monuments,

No. 14 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op munisipaliteite.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *eenhonderd sewe-en-veertig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende nuwe subparagraaf na subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van subartikel (2) en die hernoeming van die oorblywende subparagraawe na subparagraawe (iv) en (v) onderskeidelik:

„(iii) Waar die gewone werklike inkomste van die munisipaliteit bereken op die grondslag uiteengesit in subparagraaf (ii) £500,000 oorskry en die Raad oortuig is dat die toelae van £1,000 ontoereikend is of sal wees, kan die Raad met die toestemming van die Administrateur vir die tydperk eindigende September 1959 'n bykomende persoonlike toelae van hoogstens £500 per jaar aan die burgemeester betaal”.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Munisipale Wysigingsordonnansie 1960 en word beskou as reeds in werking van die eerste dag van Januarie 1959.

No. 15 van 1960.

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir manlike bydraers tot 'n goedgekeurde pensioenfonds om lede van die Unie-weduweespensioenfonds te word.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie, tensy die met die samehang strydig is, beteken — „goedgekeurde fonds” die Administrasiewerknemerspensioenfonds wat kragtens artikel *twee* van die Administrasiewerknemerspensioenordonnansie 1959 (Ordonnansie 19 van 1959) gestig is en deur die Administrasie van die Gebied bestuur word;

„vasgestelde datum” die eerste dag van Januarie 1960; „Unie-weduweespensioenfonds” die fonds soos omskryf in Hoofstuk IV van die Regeringsdiens-pensioenwet 1955 (Wet 58 van 1955).

2. Alle manlike bydraers tot 'n goedgekeurde pensioenfonds word verplig om lede van die Unie-weduweespensioenfonds te word met ingang van die vasgestelde datum.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie ter reëling van lidmaatskap van die Unie-weduweespensioenfonds 1960.

No. 14 of 1960.

ORDINANCE

To amend the law relating to municipalities.

(Assented to 21st May, 1960.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *one hundred and forty-seven* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance 3 of 1949), is hereby amended by the insertion of the following new subparagraph after sub-paragraph (ii) of paragraph (a) of sub-section (2) and the renumbering of the remaining sub-paragraphs as sub-paragraphs (iv) and (v) respectively:

“(iii) Where the normal actual income of the municipality calculated on the basis set out in sub-paragraph (ii) exceeds £500,000 and the council is satisfied that the allowance of £1000 is or will be insufficient it may, with the approval of the Administrator, pay to the mayor an additional personal allowance not exceeding £500 per annum for the period ending September, 1959.

2. This Ordinance shall be called the Municipal Ordinance Amendment Ordinance, 1960, and shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1959.

No. 15 of 1960.

ORDINANCE

To provide for male contributors to an approved pension fund becoming members of the Union Widows' Pension Fund.

(Assented to 21st May, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance, unless it is inconsistent with the context —

“approved fund” means the Administration Employees Pension Fund established in terms of section *two* of the Administration Employees Pension Ordinance, 1959 (Ordinance 19 of 1959) and managed by the Administration of the Territory;

“fixed date” means the first day of January, 1960;

“Union Widows Pension Fund” means the fund defined in Chapter IV of the Government Service Pensions Act, 1955 (Act 58 of 1955).

2. All male contributors to an approved pension fund shall also become members of the Union Widows Pension Fund with effect from the fixed date.

3. This Ordinance shall be called the Regulation of Membership of the Union Widows' Pension Fund Ordinance, 1960.

1. Artikel twee van die Ordonnansie op Reisvoorregte vir Werknemers van die Administrasie 1944 (Ordonnansie 3 van 1944), soos gewysig, word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„2. Een maal elke kalenderjaar kan die onderstaande toegeken word:—

- (a) 'n eersteklas retoer spoorwegorder gratis aan elke blanke werknemer in 'n geklassifiseerde pos wat hom, sy eggenote (indien sy nie reeds ingevolge enige ander magtiging 'n gratis spoorwegorder vir daardie bepaalde kalenderjaar ontvang het nie) en afhanklikes, en indien sodanige werknemer van die vroulike geslag is, haar en haar afhanklikes in staat stel om van die naaste spoorwegstasie van sy of haar hoofkwartier na 'n spoorwegstasie in die Gebied of na De Aar-stasie in die Unie van Suid Afrika of na 'n spoorwegstasie op die spoorlyn tussen die grens van die Gebied en De Aar-stasie in die Unie van Suid-Afrika te reis;
- (b) 'n tweedeklas retoer spoorwegorder gratis aan elke blanke werknemer in 'n nie-geklassifiseerde pos wat hom, sy eggenote (indien sy nie alreeds ingevolge enige ander magtiging 'n gratis spoorwegorder vir daardie bepaalde kalenderjaar ontvang het nie) en afhanklikes, en indien sodanige werknemer van die vroulike geslag is, haar en haar afhanklikes in staat stel om van die naaste spoorwegstasie aan sy of haar hoofkwartier na 'n spoorwegstasie in die Gebied of na De Aar-stasie in die Unie van Suid Afrika of na 'n spoorwegstasie op die spoorlyn tussen die grens van die Gebied en De Aar-stasie in die Unie van Suid-Afrika te reis.
- (c) 'n tweedeklas gereserveerde retoer spoorwegorder gratis aan elke nie-blanke stafverpleegster wat haar en haar afhanklikes in staat stel om van die naaste spoorwegstasie aan haar hoofkwartier na 'n spoorwegstasie in die Gebied of na De Aar-stasie in die Unie van Suid Afrika of na 'n spoorwegstasie op die spoorlyn tussen die grens van die Gebied en De Aar-stasie in die Unie van Suid-Afrika te reis;

Met dien verstande dat sodanige spoorwegorder nie aan enige afhanklike toegestaan mag word nie tensy die Sekretaris oortuig is dat so 'n afhanklike geheel en al van hom of haar afhanklik is en by hom of haar inwoon;

Met dien verstande voorts dat geen spoorwegorder gratis aan 'n tydelike blanke werknemer of sy eggenote of afhanklikes, of indien sodanige werknemer van die vroulike geslag is, aan haar of haar afhanklikes toegestaan mag word as so 'n werknemer nie minstens twee jaar ononderbroke diens by die Administrasie voltooi het nie.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Reisvoorregte vir Administrasiewerknemers, 1960.

No. 18 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Administrasiewerknemerspensioenordonnansie, 1959 en om voorsiening te maak vir ander aangeleenthede in verband daarmee.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel een van die Administrasiewerknemerspensioenordonnansie, 1959 (Ordonnansie 19 van 1959), (hierna die hoofordonnansie genoem) word hierby gewysig deur die woordskrywing van „bydraende diens” te skrap.

1. The following section is hereby substituted for section two of the Administration Employees' Travelling Privileges Ordinance, 1944 (Ordinance 3 of 1944), as amended:—

“2. Once in every calendar year the following may be granted:—

- (a) a free first class return railway warrant to every European employee in a classified post to enable him, his wife (if she has not already received a free railway warrant for that particular calendar year under any other authority) and dependents, and if such employee is of the female sex, to enable her and her dependants, to travel from the railway station nearest to his or her headquarters to a railway station in the Territory or to De Aar station in the Union of South Africa or to a railway station on the railway line between the border of the Territory and De Aar station in the Union of South Africa;
- (b) a free second class return railway warrant to every European employee in a non-classified post to enable him, his wife (if she has not already received a free railway warrant for that particular calendar year under any other authority) and dependants, and if such employee is of the female sex, to enable her and her dependants, to travel from the railway station nearest to his or her headquarters to a railway station in the Territory or to De Aar station in the Union of South Africa or to a railway station on the railway line between the border of the Territory and De Aar station in the Union of South Africa;
- (c) a free second class reserved return railway warrant to every non-European staff nurse to enable her and her dependants to travel from the railway station nearest to her headquarters to a railway station in the Territory or to De Aar station in the Union of South Africa or to a railway station on the railway line between the border of the Territory and De Aar station in the Union of South Africa;

Provided that such rail warrant shall not be granted to any dependant, unless the Secretary is satisfied that such dependant is wholly dependant upon and residing with him or her;

Provided further that no railway warrant shall be granted to a temporary European employee or his wife or dependants, or if such employee is of the female sex, to her or her dependants, if such employee has not completed at least two years continuous employment with the Administration.”

2. This Ordinance shall be called the Administration Employees' Travelling Privileges Amendment Ordinance, 1960.

No. 18 of 1960.

ORDINANCE

To amend the Administration Employees Pension Ordinance, 1959, and to provide for matters incidental thereto.

(Assented to 21st May, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section one of the Administration Employees Pension Ordinance, 1959 (Ordinance 19 of 1959), (hereinafter called the principal Ordinance,) is hereby amended by the deletion of the definition of “contributory service”.

1. Artikel *vier* van die hoofordonnansie word hierby wysig deur die Engelse teks van subartikel (1) na woord „five” die woorde „shall contribute” in te voeg deur die woorde „shall contribute” waar dit voorkom in die subartikel na die woord „Secretary” te skrap.

3. Artikel *sewe* van die hoofordonnansie word hierby wysig deur —

- (a) paragraaf (e) van subartikel (2) te skrap; en
- (b) die volgende voorbehoudsbepaling aan die einde van subartikel (2) by te voeg:

„Met dien verstande dat alle betalings van jaargeld aan 'n lid wat ontslaan word ingevolge paragrafe (a), (c) of (d) van hierdie subartikel, gemaak moet word uit inkomste totdat die lid die aftree-ouderdom bereik, en daarna uit die fonds.”

4. Artikel *agt* van die hoofordonnansie word hierby wysig deur die volgende voorbehoudsbepaling aan die einde van subartikel (1) by te voeg:

„Met dien verstande dat as 'n lid ingevolge paragrafe (a), (c) of (d) van subartikel (2) van artikel *sewe* ontslaan word, moet die bedrag van sy gratifikasie gedeeltelik uit die fonds en gedeeltelik uit inkomste ooreenkomstig die aanbeveling van 'n aktuaris betaal word.”

5. Artikel *tien* van die hoofordonnansie word hierby wysig deur —

- (a) die woorde „of as hy die Administrasie se diens verlaat in omstandighede wat nie elders in hierdie Ordonnansie genoem word nie” na die woord „bedank” in te voeg;
- (b) in paragraaf (b) die woorde „bydraende diens” deur die woorde „pensioengewende diens” te vervang;
- (c) die volgende sub-artikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

„(2) As 'n lid uit die Administrasie se diens ontslaan word weens wangedrag, oneerlikheid, bedrog of nalatigheid, of as hy toegelaat word om af te tree of te bedank ten einde ontslag te vermy, ontvang hy 'n gratifikasie gelyk aan die bedrag van sy bydraes: Met dien verstande dat as sodanige wangedrag, oneerlikheid, bedrog of nalatigheid die Administrasie geldelike verlies veroorsaak het, die bedrag van sodanige verlies van sodanige gratifikasie afgetrek moet word en aan die Administrasie betaal moet word.”

6. Artikel *elf* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „die weduwee van” na die woord „Aan” in te voeg en deur die woorde „die Gebiedsinkomstefonds” deur die woord „inkomste” te vervang.

7. Artikel *sewen-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde „met dien verstande dat geen pensioen uitbetaal word nie tensy die Kontroleur en Ouditeur-generaal sertifiseer dat daar geen sodanige bedrag aan die Administrasie verskuldig is nie” te skrap.

8. Artikels *een* tot *sewe* van hierdie Ordonnansie word geag op die eerste dag van April 1959 in werking te getree het.

9. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Administrasiewerknemerspensioene, 1960.

No. 19 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op openbare onderwys.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

2. Section *four* of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion in the English text of sub-section (1) after the word “five” of the words “shall contribute” and by the deletion of the words “shall contribute” where they occur in that sub-section after the word “Secretary”.

3. Section *seven* of the principal Ordinance is hereby amended by —

- (a) the deletion of paragraph (e) of sub-section (2); and
- (b) the addition of the following proviso at the end of sub-section (2):—

“Provided that all payments of annuity to a member who is discharged in terms of paragraphs (a), (c) or (d) of this sub-section shall be made out of revenue until the member attains pensionable age, and thereafter from the fund.”

4. Section *eight* of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following proviso at the end of sub-section (1): —

“Provided that if a member is retired in terms of paragraphs (a), (c) or (d) of sub-section (2) of section *seven*, the amount of his gratuity shall be paid partly out of the fund and partly out of revenue in accordance with the recommendation of an actuary.”

5. Section *ten* of the principal Ordinance is hereby amended by —

- (a) the insertion of the words “or if he leaves the service of the Administration in circumstances not elsewhere referred to in this Ordinance” after the word “resigns”;
- (b) the substitution in paragraph (b) for the words “contributory service” of the words “pensionable service”;
- (c) the addition thereto of the following sub-section, the existing section becoming sub-section (1):

“(2) If a member is dismissed from the service of the Administration as a result of misconduct, dishonesty, fraud, or negligence, or if he is allowed to retire or resign in order to avoid dismissal, he shall receive a gratuity equal to the amount of his contributions: Provided that if such misconduct, dishonesty, fraud or negligence has involved the Administration in financial loss, the amount of such loss shall be deducted from such gratuity and shall be paid to the Administration.”

6. Section *eleven* of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the words “the widow of” after the word “To” and by the substitution for the words “the Territory Revenue Fund” of the word “revenue”.

7. Section *twenty-seven* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion in sub-section (2) of the words “provided that no pension shall be paid out unless the Controller and Auditor-General has certified that no such amount is due to the Administration.”

8. Sections *one* to *seven* of this Ordinance shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1959.

9. This Ordinance shall be called the Administration Employees Pension Amendment Ordinance, 1960.

No. 19 of 1960.

ORDINANCE

To amend the law relating to public education.

(Assented to 21st May, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

ser wat sterf terwyl hy in die gewone personeel van die Departement is."

24. Artikel *eenhonderd ses-en-vyftig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur subartikel (3) daarvan te skrap.

25. Hoofstuk H word geag om op die eerste dag van Julie 1960 in werking te tree."

26. Hierdie Ordonnansie heet die Verdere Wysigingsordonnansie op die Onderwys, 1960.

No. 20 van 1960.

ORDONNANSIE

Om die wet betreffende pensioene van onderwysers te wysig.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *drie* van die Proklamasie betreffende Pensioene van Onderwysers, 1931 (Proklamasie 39 van 1931), soos gewysig, (hierna die hoofproklamasie genoem) word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (2) daarvan deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Iemand wat kragtens die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie 16 van 1926) in 'n permanente hoedanigheid of op 'n proeftydperk as onderwyser aangestel is, dra by tot die Fonds vanaf die datum van sy aanstelling: Met dien verstande dat, as hy om enige rede nie permanent aangestel word nie, of as sy aanstelling op proef nie bekrachtig word nie voormelde bydraes sonder rente aan hom terugbetaal moet word, en die bedrag, wat uit inkomste ten opsigte van sodanige bydraes in die Fonds gestort is, sonder rente weer in inkomste gestort moet word.”; en

(b) deur paragraaf (c) van subartikel (3) daarvan deur die volgende paragraaf te vervang:

„(c) terwyl hy vir 'n bepaalde tydperk aangestel is, tensy sy dienskontrak uitdruklik voorsiening maak dat hy kan bydra en daardeur die reg op pensioen by sy aftreding kan verkry.”

2. Die volgende artikel word na artikel *drie* van die hoofproklamasie ingevoeg:

„Lidmaatskap van die Unieweduweespensioenfonds.

3bis. Alle manlike lede van die Fonds is verplig om lid te word van die Unieweduweespensioenfonds soos omskryf in hoofstuk IV van die Regeringsdienspensioenwet, 1955 (Wet 58 van 1955), soos gewysig.”

3. Artikel *twee-en-twintig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur aan die einde daarvan die volgende subartikel in te voeg, terwyl die huidige artikel subartikel (1) word:

„(2) 'n Bedrag wat deur 'n onderwyser op of na die datum van sy uitdienststreding of ontslag aan die Administrasie van die Gebied betaalbaar is, of word, of wat die Administrasie ten opsigte van so 'n onderwyser onder verpligting is om te betaal, kan, ondanks die bepalinge van subartikel (1) of enige ander wet, afgetrek word van die pensioen wat aan so 'n onderwyser betaal moet word, soos die Administrateur bepaal, hetsy in 'n totale bedrag of in paaimente.”

dies while he is on the regular establishment of the Department.”

24. Section *one hundred and fifty-six* of the principal proclamation is hereby amended by the deletion of sub-section (3) thereof.

25. Chapter H shall be deemed to come into operation on the first day of July, 1960.

26. This Ordinance shall be called the Education Further Amendment Ordinance, 1960.

No. 20 of 1960.

ORDINANCE

To amend the law relating to pensions for teachers.

(Assented to 21st May, 1960.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assmby for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *three* of the Teachers' Pensions Proclamation, 1931 (Proclamation 39 of 1931) as amended, (hereinafter called the principal proclamation) is hereby amended —

(a) by the substitution of the following sub-section for sub-section (2) thereof:—

„(2) Any person appointed permanently or for a probationary period as a teacher in terms of the Education Proclamation, 1926 (Proclamation 16 of 1926), shall contribute to the Fund from the date of his appointment: Provided that if for any reason such person is not appointed permanently, or if his appointment on probation is not confirmed, the said contributions shall be refunded to him without interest and the amount paid out of revenue to the Fund in respect of such contributions shall be refunded to revenue without interest.”; and

(b) by the substitution of the following paragraph for paragraph (c) of sub-section (3):

“(c) whilst employed for a fixed period, unless his contract of employment specifically provides that he may contribute and thereby obtain rights to pension on retirement.”

2. The following section is hereby inserted after section *three* of the principal proclamation:—

“Membership of Union Widows' Pension Fund.

3bis. It shall be obligatory for every male member of the Fund to become a member of the Union Widows' Pension Fund as defined in Chapter IV of the Government Service Pensions Act, 1955 (Act 58 of 1955) as amended.”

3. Section *twenty-two* of the principal proclamation is hereby amended by the insertion at the end thereof of the following sub-section, the existing section now becoming sub-section (1):—

“(2) Any amount which on or after the date of a teacher's termination of service or discharge is or becomes payable by him to the Administration of the Territory or which the Administration is under an obligation to pay in respect of such teacher may, notwithstanding the provisions of sub-section (1) or of any other law, be deducted from the pension payable to such teacher, as the Administrator may determine, either in one total sum or in instalments.”

4. (1) Artikel twee van hierdie Ordonnansie word beskou as in werking met ingang van die eerste dag van Januarie 1960.

(2) Artikels een en drie van hierdie Ordonnansie tree op die eerste dag van Junie 1960 in werking.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Pensioene van Onderwysers, 1960.

No. 21 van 1960.

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die opdra deur die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee van sekere magte:

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

1.(1) Waar enige magte aan die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee verleen is in enige ordonnansie of enige proklamasie of enige regulasies wat daarin gevolg opgestel is, voor of na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie, kan die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee enige sodanige magte aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika opdra onderworpe aan die voorwaardes wat hy van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die bepalings van subartikel (1) magtig die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee nie om enige magte aan hom verleen om proklamasies uit te vaardig of regulasies te maak, op te dra nie.

(3) Wanneer enige magte aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika soos voornoem of by enige ander ordonnansie, proklamasie of regulasie opgedra is, voor of na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie, kan die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee enige sodanige magte aan enige ander amptenaar onder die Sekretaris van Suidwes-Afrika se beheer opdra onderworpe aan die voorwaardes wat hy van tyd tot tyd bepaal.

2. 'n Opsomming van enige magte wat uit hoofde van tikel 1 opgedra is, word jaarliks aan die Wetgewende vergadering voorgelê.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Ira van Magte, 1960.

22 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op die Uitroeiing Ongediertes 1957.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suid-Afrika VERORDEN:—

Artikel tien van die Ordonnansie op die Uitroeiing ongediertes 1957 (Ordonnansie 15 van 1957) word gewysig deur die woord „tien” te vervang met die „vyf-en-twintig”.

Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie die Uitroeiing van Ongediertes 1960.

4. (1) Section two of this Ordinance shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1960.

(2) Sections one and three of this Ordinance shall come into operation on the first day of June, 1960.

5. This Ordinance shall be called the Teachers' Pensions Amendment Ordinance, 1960.

No. 21 of 1960.

ORDINANCE

To provide for the delegation of certain powers by the Administrator-in-Executive Committee.

(Assented to 21st May, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1.(1) Where any powers are conferred upon the Administrator-in-Executive Committee by any ordinance or proclamation or by any regulations made thereunder before or after the commencement of this Ordinance, the Administrator-in-Executive Committee may delegate any such powers to the Secretary for South West Africa subject to such conditions as it may from time to time prescribe.

(2) The provisions of sub-section (1) shall not enable the Administrator-in-Executive Committee to delegate any powers conferred upon it to issue proclamations or make regulations.

(3) When any powers are delegated to the Secretary for South West Africa as aforesaid or by any other ordinance, proclamation or regulation before or after the commencement of this Ordinance, the Administrator-in-Executive Committee may delegate any such powers to any other officer under the control of the Secretary for South West Africa subject to such conditions as it may from time to time prescribe.

2. A summary of any powers delegated in terms of section one shall be submitted annually to the Legislative Assembly.

3. This Ordinance shall be called the Delegation of Powers Ordinance, 1960.

No. 22 of 1960.

ORDINANCE

To amend the Vermin Extermination Ordinance 1957.

(Assented to 21st May, 1960.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section ten of the Vermin Extermination Ordinance, 1957 (Ordinance 15 of 1957) is hereby amended by the substitution for the word “ten” of the word “twenty-five”

2. This ordinance shall be called the Vermin Extermination Amendment Ordinance, 1960.

te van die perseel waarop dit bedoel word om die bedryf te beoefen voldoende beskryf word sodat dit maklik geïdentifiseer kan word en waarin hy verklaar dat enigiemand met genoegsame belange wat beswaar maak teen die goedkeuring van die aansoek sy beswaar, tesame met sy redes daarvoor, uiters een week na die vierde publikasie van die genoemde kennisgewing, by die Administrateur indien: Met dien verstande verder dat sodanige aansoek vergesel moet wees van 'n plan wat die uitleg van die omgewing binne 'n halfmyl rondom die voornoemde perseel sowel as die parkeer- en wagruimtes en die in- en uitgangspaaie na en van die perseel, duidelik, met distansies, aandui.

(2) Wanneer die Administrateur sy goedkeuring ingevolge subartikel (1) verleen, kan hy voorwaardes stel na hy goed vind, en het hy die bevoegdheid om enige sodanig gestelde voorwaarde te wysig, verander of in te trek of om van tyd tot tyd nuwe voorwaardes na goeddunke te stel.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken die woord „inrybioskoop” 'n vermaaklikheidsplek waar enigiemand 'n bioskoopvertoning kan aanskou terwyl hy in 'n motorvoertuig sit.

(4) Elkeen wat die bepalings van subartikel (1) verontagsaam of versuim om te voldoen aan enige voorwaarde wat ingevolge subartikel (2) gestel is, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd pond, of by wanbetaling met gevangenis vir hoogstens drie maande: Met dien verstande dat in die geval van 'n voortdurende oortreding 'n bykomende boete van hoogstens vyf-en-twintig pond vir elke dag waarop die verontagsaming of versuim voortduur, opgelê kan word, maar geen sodanige boete mag in een enkele vervolging of binne een enkele maand eenhonderd pond oorskry nie.

(5) Die bepalings van hierdie artikel geld dwarsdeur die gebied Suidwes-Afrika”.

2. Die Vermaaklikhedebelastings Ordonnansie (Ordonnansie 11 van 1930) soos gewysig, word hierby gewysig deur aan die end van die lang titel daarvan die volgende woorde by te voeg, „en om die stigting van inrybioskope te reël”.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Vermaaklikheidsbelasting 1960.

No. 29 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk 1952.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel twee van die Ordonnansie op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk 1952 (Ordonnansie 34 van 1952) word hierby gewysig deur die vervanging van die woordbepaling van „Sekretaris” deur die onderstaande woordbepaling:—

„'Sekretaris' die Sekretaris van Suidwes-Afrika of 'n amptenaar wat wettig in sy plek waarneem of wat

ficiently described for it to be easily identified and containing a statement that any person having a sufficient interest who objects to the granting of the application may lodge his objection, together with the grounds thereof with the Administrator not later than one week after the fourth publication of the said notice: Provided further that such application shall be accompanied by a diagram showing clearly the lay-out of the surrounding within half a mile around the said site as well as the parking and waiting spaces and the entrance and exit roads to and from the site, giving the distances.

(2) The Administrator may, when granting his consent in terms of sub-section (1), impose such conditions as he may deem fit, and he shall have power to amend, vary or revoke any such condition so imposed or to impose from time to time such new conditions as he may deem fit.

(3) For the purpose of this section the expression 'drive-in cinema' means a place of entertainment where any person may watch a cinematograph performance while sitting in a motor vehicle.

(4) Any person who contravenes the provisions of sub-section (1) or fails to comply with any condition imposed in terms of sub-section (2) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months: Provided that in the case of a continuing offence an additional fine not exceeding twenty-five pounds for each day upon which such contravention or failure continued may be imposed, but no such fine shall in any one prosecution or within any one month exceed one hundred pounds.

(5) The provisions of this section shall apply throughout the Territory of South West Africa.”

2. The Entertainments Tax Ordinance, 1930 (Ordinance 11 of 1930), as amended, is hereby amended by the addition at the end of the long title thereof of the words, “and to regulate the establishment of drive-in cinemas”.

3. This Ordinance shall be called the Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1960.

No. 29 of 1960.

ORDINANCE

To amend the Factories, Machinery and Building Work Ordinance, 1952.

(Assented to 21st May, 1960.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section two of the Factories, Machinery and Building Work Ordinance, 1952 (Ordinance 34 of 1952), is hereby amended by the substitution for the definition of “Secretary” of the following definition:

“‘Secretary’ means the Secretary for South West Africa or any officer lawfully acting for him or authoris-

skriftelik deur hom gemagtig is om, namens hom, die magte en bevoegdhede wat aan hom kragtens hierdie ordonnansie verleen is, uit te oefen;"

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk 1960.

No. 30 van 1960.

ORDONNANSIE

Ter reëling van die vertoning van advertensies buite sekere stedelike gebiede op plekke wat van publieke paaie af sigbaar is en van die oprigting van bouwerke naby sekere publieke paaie, en van toegang tot sekere gronde van sodanige paaie af.

(Goedgekeur 21 Mei 1960.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie het die woorde „publieke pad”, „grootpad”, „hoofpad” en „padreserwe” die betekenis wat aan daardie woorde in artikel twee van die Ordonnansie op Paaie, 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), geheg word, en tensy die sinsverband klaarblyklik ’n ander betekenis aandui, beteken:—

„advertensie”, enige sigbare voorstelling van ’n woord, naam, letter, figuur of voorwerp, of van ’n verkorting van ’n woord of naam, of van enige teken of simbool; of enige lig wat nie uitsluitlik vir verligting of as ’n waarskuwing teen gevaar bedoel is nie;

„boubeperkingspad”, enige publieke pad wat die Administrateur ingevolge artikel sewe as ’n boubeperkingspad geproklameer het en wat hy nie as sodanig gedeproklameer het nie;

„bouwerk”, enigiets wat gemaak, vervaardig of saamgestel is en bo- of ondergronds opgerig word.

„dorp” ’n kompleks erwe, blokke of persele en publieke plekke, buiten meentgrond, wat kragtens een of ander wetsbepaling as dorp aangelê of erken is, as daardie erwe, blokke of persele gebruik word of bestem is vir gebruik hoofsaaklik vir ander doeleindes as boerdery, tuinbou of die aanhou van diere of ’n dorp wat nie kragtens een of ander wetsbepaling as ’n dorp aangelê of erken is nie, dog wat die Administrateur by die toepassing van hierdie Ordonnansie as ’n dorp erken.

„plaaslike bestuur” ’n stadsraad ingestel ingevolge die bepalings van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) soos gewysig, of ’n dorpsbestuur ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie 16 van 1937) soos gewysig.”

„stadsgebied” die gebied bestaande uit erwe, blokke of persele en publieke ope ruimtes buiten meentgrond, en uit die strate begrens deur erwe, blokke of persele of sodanige publieke ope ruimtes in ’n stad of dorp wat onder die regsbevoegdheid van ’n plaaslike bestuur staan.”

2. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel en van artikel ses mag niemand ’n advertensie, uitgesonderd ’n advertensie wat by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie vertoon word en daarna aaneen en onveranderd op dieselfde plek vertoon bly, wat van ’n publieke pad af sigbaar is vertoon nie tensy dit vertoon word ooreenkomstig die skriftelike vergunning van die Administrateur: Met dien verstande dat, behoudens die bepalings van subartikel (3) van hierdie artikel en van subartikel (1) van artikel vier, enigeen sonder vergunning —

(a) op ’n gebou so ’n advertensie kan vertoon, wat net die naam of aard van ’n besigheid of onder-

ed by him in writing to exercise, on his behalf, the powers and duties conferred on him by this Ordinance.”

2. This Ordinance shall be called the Factories, Machinery and Building Work Amendment Ordinance, 1960.

No. 30 of 1960.

ORDINANCE

To regulate the display of advertisements outside certain urban areas at places visible from public roads, and the erection of structures near certain public roads, and access to certain land from such roads.

(Assented to 21st May, 1960.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expressions “public road”, “main road”, “trunk road” and “road reserve” shall have the meanings assigned to them in section two of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953) and unless the context clearly indicates another meaning —

“advertisement” means any visible representation of a word, name, letter, figure or object or of an abbreviation of a word or name, or of any sign or symbol; or any light which is not intended solely for illumination or as a warning against any danger;

“building restriction road” means any public road which the Administrator has proclaimed a building restriction road under section seven and which he has not deproclaimed as such;

“local authority” means a town council constituted under the provisions of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance 3 of 1949), as amended, or a village management board constituted under the provisions of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance 16 of 1937), as amended.”

“structure” means anything made, manufactured or assembled and erected above or under the ground.

“township” means a group of erven, blocks or lots and public places, other than commonage land, which has been established or recognised under any law as a township or village, if those erven, blocks or lots are used or are intended to be used mainly for purposes other than farming, horticulture or the keeping of animals, or any village not established or recognised under any law as a township, which has been recognized by the Administrator for the purposes of this Ordinance, as a township.

“urban area” means the area consisting of the erven, blocks or lots and public open spaces other than commonage land and of the streets bounded by erven, blocks or lots or such public open spaces in a city, town, village or township which is under the jurisdiction of a local authority.”

2.(1) Subject to the provisions of sub-section (4) of this section and of section six no person shall display an advertisement, except an advertisement displayed at the commencement of this Ordinance and which thereafter remains displayed continuously and unchanged in the same place, which is visible from a public road, unless it is displayed in accordance with the written permission of the Administrator: Provided that any person may, subject to the provisions of sub-section (3) of this section and of sub-section (1) of section four without permission —

(a) display on a building such an advertisement which discloses merely the name or nature of any busi-

neming wat daarin gedryf word, of die naam van die eienaar of bestuurder van daardie besigheid of onderneming of enige inligting wat net betrekking het op daardie besigheid of onderneming of op 'n artikel of op dienste wat in verband met daardie besigheid of onderneming gelewer word of in verband met enige ander besigheid of onderneming van daardie eienaar, vermeld;

- (b) mits die naam van die adverteerder nie meer prominent as die res van die advertensie voorkom nie, buite 'n publieke pad so 'n advertensie kan vertoon, wat net betrekking het op 'n artikel wat voortgebring, of op dienste wat verrig, of op 'n besigheid of onderneming wat gedryf word of op 'n soort ontspanning wat beskikbaar is of op 'n vermaaklikheid, vergadering of verkoping wat plaasvind op die grond waarop die advertensie vertoon word, of op die verkoop of verhuur van daardie grond;
- (c) buite 'n publieke pad so 'n advertensie kan vertoon wat net die naam van die plaas aangee of aandui dat 'n bepaalde pad 'n private pad of 'n plaaspad is of vir 'n bepaalde soort van verkeer bestem is of na 'n bepaalde plek voer of dat 'n bepaalde handeling verbode of veroorloof is; of
- (d) op of by 'n hek so 'n advertensie kan vertoon, wat benewens die naam van die plaaseienaar net die naam aangee van 'n eiendom of plek waarheen die hek toegang verleen of wat net 'n waarskuwing bevat of die toemaak van die hek gelas.

(2) Die Administrateur kan by proklamasie in die *Offisiële Koerant* enige soort advertensie omskryf wat nie in een of ander paragraaf van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) vermeld word nie, wat sonder sy vergunning vertoon kan word mits dit vertoon word in 'n vorm of op 'n wyse of op 'n plek of onder omstandighede of op voorwaardes wat in die proklamasie vermeld word, en daarop word so 'n advertensie by die toepassing van hierdie Ordonnansie beskou as 'n advertensie wat in bedoelde paragraaf vermeld word.

(3) Wanneer die Administrateur kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *twaaalf* 'n regulasie uitgevaardig het aangaande 'n advertensie bedoel in een of ander paragraaf van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) van hierdie artikel, mag niemand daardie advertensie (insluitende so 'n advertensie wat voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie vertoon word en daarna aaneen en onveranderd op dieselfde plek vertoon bly), vertoon nie tensy die advertensie ooreenkomstig die vereistes van daardie regulasie vertoon word.

(4) Die bepaling van hierdie artikel geld ook die Suid-Afrikaanse Spoorweg-Administrasie tensy die advertensie nie van 'n publieke pad af sigbaar is nie.

3. Die Administrateur kan die vergunning bedoel in subartikel (1) van artikel *twee*, waarom iemand aansoek gedoen het, na goeddunke verleen of weier, en wanneer hy die vergunning verleen, kan hy (behoudens die toepaslike bepaling van een of ander regulasie uitgevaardig kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *twaaalf*), die spesifikasies waarmee die advertensie, waarop die vergunning betrekking het, moet ooreenkom, die geldigheidsduur van die vergunning, die wyse waarop, die plek waar, die omstandighede waaronder en die voorwaardes waarop die advertensie vertoon kan word, voorskryf en hy kan die vergunning te eniger tyd wysig of intrek.

4. (1) Wanneer daar op 'n plek wat van 'n publieke pad af sigbaar is 'n advertensie vertoon word (insluitende 'n advertensie bedoel in die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) van artikel *twee*, hetsy daardie advertensie voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie vertoon is en daarna aaneen en onveranderd op dieselfde plek vertoon word of eers daarna vertoon word,

- (a) waarvoor geen vergunning ingevolge artikel *twee* verleen is nie of waarvoor die vergunning verstryk het of ingetrek is; of
- (b) wat nie ooreenkom nie met die spesifikasies of voorwaardes, voorgeskryf in 'n vergunning daar-

ness or undertaking carried on therein, or the name of the proprietor or manager of that business or undertaking or any information which relates solely to that business or undertaking or to any article or service supplied in connection with that business or undertaking or in connection with any other business or undertaking of that proprietor;

- (b) provided the name of the advertiser is not displayed more prominently than the rest of the advertisement, display, outside a public road such an advertisement which relates solely to an article produced or to a service performed or business or undertaking carried on, or to a form of recreation available or to an entertainment, meeting or sale to be held upon the land upon which the advertisement is displayed, or to the sale or lease of that land;
